
# Die Elander

Jaargang 2016
Uitgawe 3

**BESTE NUUSBRIEF IN SAWA VIR 2015**





Sonsondergang—Bosveld Oase



Elandsrand jolig by die Presidente 2016

Spesiale bydrae—Sien Jeug verslag bl. 19

SAWA webwerf : www.sawa.org.za
Elandsrand facebook: https://www.facebook.com/groups/424687670923259/
Voorsitter epos : gswanepoel210@yahoo.com

*Die voorste nuusblad in die Oaste*

# INHOUD


- Woord van die dag ..................................................bl 3
- Voorsitter se verslag..........................................bl 4
- Verjaarsdae........................................................bl 5
- Bestuur se kontak no.........................................bl 6
- Jaarprogram........................................................bl 7
- Kortverhaal.........................................................bl 8-9
- Soetdoring saamtrek..........................................bl 10-12
- Vir die Jongspan................................................bl 13
- Bosveld Oase en Warmbad...............................bl 14-18
- Jeug Verslag.......................................................bl 19
- Bass Lake...........................................................bl20-22
- Volgens Bees......................................................bl 23-25
- Woord van Nasionale Voorsitter ........................bl 26-27
- Raai Wie.............................................................bl 28
- Resep van die maand.........................................bl 29
- Humor..................................................................bl 30 - 33
- Wenk van die maand..........................................bl 34
- Redaksioneel......................................................bl 35

# Woord van die dag

Tyd is so kosbaar, maak tyd vir God, vir jou familie, vriende , om te lag, en geniet die mooi in die lewe.

Mense se aanvaarding eis soms hoë standaarde. Juesus se aanvaarding stel geen standaarde, Hy aanvaar jou nes jy is.

Die mooiste eienskap wat iemand jou kan gee, is nie hoe mooi of hoe goed jy is nie, maar dat hulle Jesus in jou kan sien.

Geluk kan jy nie met geld koop nie, dis 'n innerlike vrede wat net God kan gee. Onwrikbare geloof kan jou deur krisis tye dra, in 'n heerlike toekoms. Geloof in God maak die grootste verskil en het ewige lewenswaardes.

Jou lewe is soos 'n patroon, deeglik beplan en uigewerk, uniek gevorm, en elke besonderse eienskap versigtig en kosbaar aanmekaar geweef deur jou Hemelse Vader, geskep in Sy beeld en gelykenis

God is aan die werk in jou wêreld, maar sal jy Sy werk herken al is dit anders as wat jy dit wil hê

God verander jou droefheid in vreudge, bid, worstel en wag getrou op Hom, beloof om getrou te bly tot aan die einde toe

Die wedloop van die lewe wat ons almal hardloop, het nie net beweging nodig nie, net volharding in die geloof op God……..

Vanessa Nel

Hallo Elandsranders,

Soos julle reeds weet, gaan ek nie weer as voorsitter beskikbaar wees vir 2016-2017 nie. Ek gaan wel as onder-voorsitter dien. My tydperk as voorsitter was baie lekker en het 'n paar uitdagings gehad, maar dit het nooit die lekker oorskadu nie. Ek sal meer uitbrei in my finale verslag by die AJV.

Ek is trots op die bestuur wat my altyd 100% ondersteun het. Julle is almal sterre en dit was voorwaar 'n voorreg om saam met elkeen te werk.

Ons kampe in 2016 is baie goed ondersteun, veral die Gebiedskamp by Warmbad, waar ons 100+ mense by die saamtrek gehad het. Ek het 'n uitdaging aan julle gerig en julle het dit 'n realiteit gemaak. Baie dankie daarvoor! Ek glo elkeen wat daar was, gaan die spesiale plaatjie met trots uitstal. Daar is min streke wat met so prestasie kan spog.

Die 2016 Kongres is aan ons toegeken. Dit lê nog soos 'n berg voor ons, maar ons Elandsranders gaan dit aanpak en 'n reuse sukses daarvan maak, soos net Elandsranders kan. Ek het volle vertroue in die Bestuur en die lede wat altyd hulle volle samewerking gee – nie net 100% nie, maar hulle ALLES!!!

Ledewerwing kort nog baie aandag, maar ons is dankbaar dat ons nie lede verloor nie.

Die Barnyard lê voor die deur en ek glo dit sal 'n sukses wees. Die AJV gaan, soos altyd, 'n fees wees met die 80's as tema. Lekker musiek, heerlike kos en GREAT lede.

Laaste, maar nie die minste nie….. GO LIONS!!!!

Groete

Vlooi.

**EREKODE:**

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe;
2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei;
3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar;
4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik;
5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers;
6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ek in aanraking kom, af te dwing.

## Verjaarsdag lys—Junie tot Aug 2016



23-06-16 12800 Coetzee C. Mrs (Clarise

21 Junie tot 22 Julie



24-06-16 11438 Meyer JC Mr (Jannie)

27-06-16 2338 Diedericks H. L. Mr (Hendrik)

01-07-16 12433 Scholtz N. Miss (Ninke

01-07-16 11253 Smit J Mrs (Janine

05-07-16 5627 Böhnen HTE Mr (Hendrik)



08-07-16 12696 De Beer Z. Mr (Zjack

09-07-16 12812 Nel AJ

10-07-16 12433 Scholtz E. Mr (Eldrich

18-07-16 12873 Van Heerden I Mr (Ivan)

19-07-16 12860 Pretorius CP Mr (Christo)

19-07-16 28 Van Der Walt S. E. Mrs (Tokkie

21-07-16 12867 Clarke M. Mr (Matthew

23 Julie tot 22 Aug



05-08-16 12601 Crause EC Mrs (Bettie

14-08-16 12635 De Bruin A. Mrs (Adele

15-08-16 5620 Van Niekerk E Mrs (Engela




17-08-16 12850 Botha J. J. Mr (Kobus)

18-08-16 12751 Coetzee R. Mrs (Ronel

20-08-16 12789 Lewis MA Mr (Marc)

23 Aug. Tot 22 Sept



26-08-16 11716 Swannepoel S Mrs (Sandra

28-08-16 12433 Scholtz L Mrs (Mylandia

29-08-16 12670 Oosthuizen P Mrs (Petro

30-08-16 11290 Engelbrecht SF Mr (Francois)

30-08-16 12522 Strydom T. N. Mrs (Teresa

# Bestuur 2015/2016



| Voorsitter | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | Swanepoel | **Posadres** | **Tel No** | |
| **Voorletters** | GP | 6 Huilboomstraat Dalpark, Uitbreiding 5, Brakpan, 1541 | **Huis** | |
| **Noemnaam** | Vlooi | | **Werk** | |
| **Lid No** | 11716 | | **Sel** | 083 227 7962 |
| **E-pos** | gswanepoel210@yahoo.com | | **Faks** | |



| Onder Voorsitter | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | Smit | **Posadres** | **Tel No** | |
| **Voorletters** | N J | 18 Kokerboomstr. Brackendowns, 1448 | **Huis** | 011-868-2253 |
| **Noemnaam** | Cobus | | **Werk** | |
| **Lid No** | 11253 | | **Sel** | 083-638-0465 |
| **E-pos** | Cobuss69@yahoo.com | | **Faks** | 011-615-3326 |



| Sekretaresse | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | Nelson | **Posadres** | **Tel No** | |
| **Voorletters** | EAY | Privaatsak X 14, Weltevredenpark, 1715 | **Huis** | Geen |
| **Noemnaam** | Elzabie | | **Werk** | 011 761 9124 |
| **Lid No** | 12523 | | **Sel** | 082 338 8054 |
| **E-pos** | Elzabie.Nelson@sanbs.org.za | | **Faks** | 086 682 8519 |



| Penningmeester | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | Scholtz | **Posadres** | **Tel No** | **082 667 7327** |
| **Voorletters** | W | | **Huis** | 083 313 2393 |
| **Noemnaam** | Werner | | **Werk** | 011 817 1402 |
| **Lid No** | 12433 | | **Sel** | 083 270 6656 |
| **E-pos** | scholtzwerner@gmail.com | | **Faks** | 011 817 1846 |



| Addisionele Lid – Jeug | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | Nelson | **Posadres** | **Tel No** | |
| **Voorletters** | DP | Privaatsak X 14, Weltevredenpark, 1715 | **Huis** | Geen |
| **Noemnaam** | Derrick | | **Werk** | 011 761 9227 |
| **Lid No** | 12523 | | **Sel** | 082 877 8187 |
| **E-pos** | Derrick.Nelson@sanbs.org.za | | **Faks** | 086 682 8519 |



| Addisionele Lid – Skakelbeampte/Bate Houer | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | Pretorius | **Posadres** | **Tel No** | |
| **Voorletters** | A | 56 Koorsboom Str, Mayber-rypark, 1448 | **Huis** | Geen |
| **Noemnaam** | Adriaan | | **Werk** | 011 418 7071 |
| **Lid No** | 12626 | | **Sel** | 083 479 1627 |
| **E-pos** | apretorius@imperialnissan.co.za | | **Faks** | 011 418 7085 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | | | | |
| **Voorletters** | | | | |
| **Noemnaam** | | | | |
| **Lid No** | | | | |
| **E-pos** | | | | |

# Kennisgewing van Kampe vir 2016

| | | |
|---|---|---|
| 29 - 31 Januarie | Riverside Beach Club | Vaal River |
| 26 - 28 Februarie | Sionbergh | Heidelberg |
| 24 – 28 Maart | Klipdraai (Presidente) | Meyerton |
| 29 April – 2 Mei | Soetdoring | Vereeniging |
| 27 – 29 Mei | **Bosveld Oase** | **Brits** |
| 15 – 19 Junie | Forever Resorts Warmbad (Gebieds) | Bela Bela |
| 15 – 17 Julie | Bass Lake | Pretoria |
| 5 – 9 Augustus | Bloekompoort (AJV) | Vereeniging |
| 23 – 25 September | **Klub Koppisol (Nasionaal)** | **Vereeniging** |
| 28 – 30 Oktober | Klub Kopisol (Kongres – K Kommandante) | Vereeniging |
| 25 – 27 November | Klipdraai (Jeug) | Meyerton |

## VAN ALLERHANDE TORRE

"Liewe Ma

Met my gaan dit goed.  Hoe gaan dit met julle?
Daar is 'n klomp snaakse mense tussen die nuwes wat nou gekom het.  Hulle is nie so jonk soos die meeste nie hulle praat sikke snaakse Afrikaans.
Seun se dit is universiteit se mense wat so praat want hulle het grae.  Nie soos vissie nie maar in hulle koppe op pampier.  Universiteit is 'n slim plek. Almal gaan soentoe on te sot.  Sot is amper soos skool se leeriry. Mens doen net nie huiswerk nie en daar is nie latjies nie.
Daar is meisies ok.  Seun se hy het gehoor hulle sot eintlik hoe om 'n man te vang.  Ek weet nie hoekom nie want almal weet mos hoe werk wipe en strike.
Die onniwysers van universiteite is nie soos skool nie. Hulle praat net en beduie dan skryf mens alles op papiersolat mens onthou.  Dan gaan sit mens in 'n plek met klomp boeke solat mens kan verstaan wat hulle beduie het.  Hulle is almal torre.  Soos doktorre en lektore en gomtorre en goed.
Die ergste is die pirfessirs want hulle is die slimste met deurmekaar hare.  Hulle werk in die plekke waar hulle goed opmeng om annir goet te kry.  Met al daai glasies en bottels en pype.  Seun sê dis hulle wat koukikoula gemaak het en uitgevind het om jem in toe blikke te sit.

As mens na ‘n universiteit toe wil gaan, moet mens eers mitriek kry. Dit is soos die klas van meneer Jonker wat met daai blou bakkie ry. Dan mors mens of mens se pa se geld of as hy niks het nie, kan mens iemand se beursie leen.

Dan moet mens ok eers weet wat wil mens word soos ‘n prokireer of ingeneere of iets annirs. Mens kan tot niks word nie ok. Dan sot mens sommer net om ‘n portretpampier te kry. Mens sit dit op die muur dan sien almal waar mens was.

Pam se boetie was ok bietjie op so ‘n slim plek. Maar hy sê dis nie lekker nie want hulle praat net politiek en hulle wil hê ons moet saam met die WP ragbie speel. Hy sê hy het nie so groot geword nie toe word hy liewer ‘n spietkop. Mens hoef net te weet van karre en waar hulle moet ry en mens kry ‘n motorbaaik.

Ek hoor kinsmis is nou so duur. Petrol ok. Pam se pa sê dit is die Arabiere en al die persente. Hy sê die Arabiere wil tien persente hê van almal wat petrol koop. Ek verstaan dit nie. Mens is goed en gee vir hulle dinge dan moet mens nog duur betaal ok. Ek weet nie hoekom maak Arabiere kinsmis so duur nie. Dit is seker die kamele.

Sussie kan nie by my kom kuier nie. Ek het nie genoeg geld lat sy in ‘n losieshuis kan bly nie en buitendien is die beddens te kort.”.....

Groetnis

Kleinjan—(Uit Kleinjan se Briewe aan Ma—Johan Van Pletzen

Hallo almal,

Soetdoring was soos altyd ‘n baie lekker kamp, ten spyte van die rooi stof…

Saterdag het ons ‘n prettige Donkey derby gehou met ‘n klomp vrolike, pronkerige en entosiastiese “perde.” Heelwat geld is ingesamel vir die kas.

Behalwe die Donkey derby, was die Ready steady cook, ‘n absolute wenner!!! Entosiastiese kokke het nadergestaan, met alles wat nodig was om ‘n storm los te kook, en het presies net dit gedoen. Elkeen het ‘n pakkie ontvang met geheime produkte in en het net ‘n sekere tyd gekry om ‘n dis voor te berei. Kwinkslae het gevlieg en arme Willie moes regstaan as beoordelaar om elkeen se disse te proe en ‘n wenner aan te wys. ‘n Paar mense kan beslis inskryf vir Kokkedoor, veral Erika, met wennerdisse. Dit was verstommend om te sien hoeveel talent in ons streek is. Elkeen kry dieselfde produkte vir nagereg en nie een gereg was dieselfde nie. Dit was ongelooflike pret en ek glo elkeen het dit baie geniet.

Sondag word die diens op tv gevolg, waarna afsluiting plaasvind. Voorwaar ‘n wonderlike naweek saam met wonderlike mense.

Sandra

# Soetdoring Mei 16

## Ready Steady Kook



Hierdie bok hou van brood

Ready steady kook...wat's dit?

Daar word geskarrel om bestandele te kry

Vlooi wys plekke aan

Selfs omkoop geld is op die bord

Wat gaan hier aan?

Ontmoet vir Lettie

Hap boetjie dit word koud

Skelm happie

Hoe groot Sandra?

Nico en Lorr as wanners van die ontbyt

Ontbytbord wenner

Viv - dis nie die laaste nie....

Wat van nagereg?

# Donkie Darby tot lekker kuier



Vir die Jongspan



BOSVELD OASE : 27 – 29 MEI 2016

‘n Lekker klein groepie woonwaens, 12 lede en 1 besoeker trek die laaste naweek van Mei saam by Bosveld Oase vir Elandsrand se maandelikse streekskamp met die Smitte wat optree as kampkommendante tesame met die viering van ons 100ste Algemene kamp saam met SAWA. Dit is ‘n nuwe oord met puik geriewe geleë in die Brits omgewing op ‘n wildsplaas. Vrydagaand word daar net lekker rustig in klein groepies gekuier met die koue wat so ‘n bietjie byt en kan ons nie eers ‘n lekker “boula” aan die gang kry nie want die oord laat dit nie toe nie.

Tydens boekevat Saterdag-oggend lees ek vir ons Psalm 28 met die klem op vers 7 wat ek aanhaal ***“Die Here is my sterkte en my beskermer, op Hom het ek vertrou. Hy het my gehelp”***, toe vra Ansie Delport (SAWA gebied Jakaranda) wat by ons aangesluit het vir Boekevat vir my om vers 3 ook te herhaal, ***“Hulle praat vriendelik met hulle bure, maar daar is kwaadwilligheid in hulle harte”*** en verwys sy daarna dat hoe dikwils gebeur dit nie ook in SAWA nie en dat ons daarteen moet waak om ons nie te verskuldig aan sulke  haatuitspraak nie en toe begin sy uitbrei oor hoe lief is die diere vir mekaar, want sy het gehoor ***“diere”*** in plaas van ***“bure”*** en het sy ons redelik in verwarring gehad daarmee, lekker hieroor gelag tydens afsluiting.

Die dam in die oord sorg vir baie pret en plesier onder die kinders en trek hulle die een vis na die ander uit en later die dag speel on *“Skattejag”* en jaag ons almal so ‘n bietjie in die kamp rond met leidrade om by die “skat” uit te kom, wel gedaan aan Brent, Lai en Rita Papenfus wat die eerste prys verower het en weggestap het met ‘n pragtige “Revlon Hamper” wat Nini vir ons gemaak het. Na die “Skattejag” hak almal vas voor die Strydom’s se woonwa en gesels almal lekker saam oor die pret en plesier wat dit meegebring het. Saterdagaand braai ons plesierig saam en maak ons lekker vure in die braais waarom ons later die aand verder lekker gekuier het tot laat toe.

Gebruiklik sluit ons Sondag-oggend die kamp af met kerkdiens op die TV en afsluiting deur ons geliefde Voorsitter, baie dankie aan almal vir die heerlike kamp wat ons almal geniet het en julle spontane deelname aan alles.

Kampgroete, die Smitte.

## Foto Galery—

**Bosveld Oase - April 16**
**Skatte jag tot lekker kuier**



# Warmbad Gebied Oosrandia—Junie 16

Hierdie winter saamtrek is altyd een van die lekkeste saamtrekke en was weer by Warmbad gehou.

Elandsrand het  Bingo gereel en almal het dit terdee geniet.

Daar was lekker gekuier en Sondag het van die dames hulle mans op Vadersdag bederf met n lekker ontbyt voor die erediens.

Die erediens was weer deur Ds. Otto gelei, en het weereens 'n treffende boodskap oorgedra by eide boekevat en Sondag se erediens.

By Elandsrand se afsluiting het Werner en Mylandia hulle hul 30ste Streek plaatjie ontvang, Piet en Dana hulle 110de Streek Plaatjie Nico en Lorraine hul 200ste Algemeen Hendrik en Edith hul 325ste Algemeen en soo ok Leon en Kobie hul 325ste Algemene Aansporings Plaatjie. Tel al die paar lede se saamtrekke saam dan kry mens 'n AL-MINTIGE 990 Saamtrekke! Welgedaan.

Maar het einde niet.....Vlooi ...soos belowe....ryk 'n Spesiale gedek-plaatjie uit waar Elandsrand vir die EERSTE keer meer as 100 persone by EEN SAAMTREK is.

Baie Geluk

**OOSRANDIA GEBIED - WARMBAD - Junie 16**



## OOSRANDIA GEBIED - WARMBAD Junie 2016











GEBIED OOSRANDIA SE KAMPKOMMANDANTE





Vlooi ryk n spesiale gedenk plaatjie uit vir Elandsrand Streek wat oor 'n 100 mense was by die saamtrek.



Werner hulle - 30 Sreek



Piet hulle 110 Sreek



Nico hulle 200 Alg



Hendrik hulle 325 Algemeen



Leon hulle 325 Algemeen

**Jeug Verslag**

Wat beteken kamp? Baie mense het verskillende opinies. Party mense sê dis ‘n tydjie om jouself te wees, om weg te breek van jou werksdruk of om al die drama wat in jou allerdaagse lewe aangaan eenkant te stoot en jouself te geniet. Mag dit nou wees om om ‘n lekker vuurtjie te staan en ‘n vleisie te braai of om in ‘n groepie by die swembad te sit met ‘n yskoue koeldrank in die hand, ander sal sê dis ‘n tydjie om op te vang met jou vriende en te gesels oor wat in elkeen se lewe aangaan.

My opinie … kamp is ‘n kans wat God jou gegee het om sy wonderwerke raak te sien en te geniet. Kamp is ‘n tydjie waar jy weg kan kom van Facebook, Twitter, Instagram en veral TV. In daardie tyd maak jy jou oë oop, vat stilte tyd, gaan stap ‘n bietjie en sit rustig op ‘n rots. Kyk om jou rond en ervaar hoe wonderlik God, is deur vir ons ‘n beeldskone natuur te gee … ervaar SY liefde vir ons.

Elke oggend wanneer ek wakker word is my eerste gedagte, ek is waar ek hoort, tussen my SAWA Elandsrandfamilie, en dat ek nêrens anders op aarde wil wees nie. Ek kan nie wag om nog ‘n dag saam met wonderlike vriende te spandeer nie, maar eerstens …. ek kort koffie!!!

Geheime verslag gewers.

EN TOE….

In die jaar 2016 die sewende maand op die 15 de dag arriveer die gesin Papenfus en Withcomb op die Landgoed Bass Lake(geen Bass en geen lake) te danke aan die droogte. Klein seun Brent sal boekevat doen , maar sy moet begewe hom en drop Oupa in die diep kant., maar Saterdag oggend is hy op sy pos, en hanteer boekevat saam met 'n paar siele wat op 'n beskaafte tyd gaan slaap het.

( Die vraag is….was daar dalk vog spinnekop sop betrokke?)

Die res van die dag doen almal iets wat lekker is ,en twee uur skop ons af met BASS LAKE BOTTEL GOOI (want daar is nie Bass nie). Almal wat deel neem word deur (raaiwie).....Brent georganiseer in spanne. Die Geelspan neem vroeg die voortou gevolg deur groen en Rooi. Na 'n kwaai stryd van meer as 'n uur het die Geel die meeste punte Groen tweede en Rooi met die minste,en Geel dink hullle is wenners , TOE NIE………………..

Daar is n Kinkel in die spel iets SIMPEL Rooi is die wenners (en nie die beste besluit nie volgens VLOOI nie)

Niemand het gevra wat die reels is nie en dit is gese dat die spel soort van Jukskei is. LOL….. Willa sleep almal na die speelkamer toe vir n rondte rond-om-tallie tafel tennis… groot pret en byna bly die tafeltennis blad in die slag.

Lai en Piet begin braaiplek by mekaar sit vir die gesaamentlikke braai,want sien….ene Derek… versoek dat daar vroeg gebraai word (het nogal gewonder wat hy beoog het met die "losbandigge sekertaresse nie"………..en toe kom hulle nog hHeelaaste by die braai en braai tot laaste..geen maklike taak om n nom 10 pot met 8,5 kg mielie pap warm tehou nie (sy boete het hy gekry). Natuurlik het hy snuf in die neus gekry en begin wit voetjie soek so erg dat hy tot my pyp wou rook . Meeste van die Elanders het die pap met n lekker sousie deur Rita geniet

Paar het ook vir ontbyt kom haal dankie vir julle maaaar dan is daar die langmanne wat liewers POST TOASTIES verkies ……LOL Na die TV diens is dit die beurt van die jeug fonds om 'n stewige hupstoot te kry met sommer4 boetebeamptes 1 deur RITA aangestel en 3 deur hulself aangestel (Dit het begin lyk na n boetestaat.)

Glo almal het n lekker naweek gehad en baie dankie van LAI,RITA en BRENT.

EN-TOE- NIE –N –SIMPEL DOEN naweek nie

Groete Lai

Briefie van Brent

Hierdie naweek was ons Kampkommandante byBass Lake.Dit is n baie mooi en rustige kamp behalwe vir die Lakes.

Toe die naweek begin was dit baie lekker warm maar dit word vroeg koud. Toe was dit boekevat,en ek se dankie vir my Oupa se kommentaaar van Vrydagaand en toe kry ek nog 'n boete.

Saterdag se Bottelgooi was net te plesierig . Ek se dankie die mense wat deelgeneem het en die mense wat gecheer het, en dankie vir die mense wat boekevat toe gekom het Saterdag oggend.

Met afsluiting sondag kry die Kampkondante die meeste boetes van almal, Oupa Lai 2en ek 1 My ouma Rita se sy kan nie glo kampkommandante kry soveel boetes nie.

Nou se sk dankie dat julle my stuk van kommentaar gelees het. Sien julle by volgende kamp .


Groete

Brent Whitcomb

# BASS LAKE - Julie 16
## Bottel Jukskei - ....soort van....



# BASS LAKE - Julie 16



# Bees se oorlewings gits vir braai saam met Afrikaners.




**Bees het al baie braai en partytjie oorleef in Afrikaner vestings soos Pretoria, Bloemfontein, Klerksdorp, Rustenburg en "even" obskure plekke soos Stilbaai, Springs, en Sasolburg. Nou voel ek dit my plig om my Engels sprekende landsgenote in te lig en voor te berei vir byvoorbeeld ŉ rugby braai in se Brakpan vir arguments´onthalwe.**

"Party" of braai saam met Afrikaners is nie vir sissies nie. Terwyl Nie-Afrikaners altyd welkom is by feesvieringe (Afrikaners is per slot van sake plesierig) Voel ek dit nodig om hulle te waarsku dat jy ten alle tye op jou hoede moet wees.

Hierdie manne is rowwe Boere en daar sal van jou verwag word om te party soos hulle party, dit terwyl jy die heeltyd daaraan sal herinner word dat jy eintlik nie een van hulle is nie.

**Reël 1: Bring Kos**

Die gasvrou sal vir jou se om nie iets saam te bring nie. Moet haar nie glo nie, dit is ŉ lokval. Terwyl daar natuurlik genoeg kos sal wees om ŉ medium grote rebelle mag vir ŉ maand lank in die oerwoude van die Kongo te voed moet jy nog steeds baie versigtig wees. Sou jy met niks daar opdaag wat alombekend is vir ieder hartversaking of suikersiekte nie (soos byvoorbeeld ŉ potplant) gaan jy definitief agteraf beskinder word en veroordeel word as ŉ *snoep.* Vleis is altyd ŉ veilige keuse, want volgens Afrikaners kan daar nooit te veel vleis op ŉ braai wees nie. Sien vir Boere is meer altyd beter.

Die rede hiervoor is tweeledig: eerstens sal niks gemors word nie. Die gasvrou sal haar familie met ŉ "smile left over" tjoppies en broodslaai drie keer ŉ dag vir ŉ week lank voer as dit moet. So wees gerus niks sal weggegooi word nie. In Afrikaner kringe word die weggooi van kos as een van die sewe dodelike sondes beskou. Tweedens, ten spyte van die feit dat ons vir 40 jaar lank die sisteem gebruik het om die beste werk, land, tuine en huise vir ons self te bewerkstellig, voel ons nog steeds baie geaffronteerd. En ŉ offergawe van vleis om gebraai te word terwyl die springbokke op die TV wen sal ons vir tenminste ŉ paar dae laat vergeet van ons verswakte politieke situasie.

**Nota:** Volstruis sosaties van "Woolies" af tel nie as vleis nie en ons sal dink jy is *pretentious* of erger ŉ vegetariër.

**Reël 2: Bring jou eie drank**

Die meeste Afrikaner huishoudings is tot ŉ redelike mate ge "Stock" met genoeg brandewyn en Coke om daardie selfde rebelle mag een maal ŉ week op naweke dronk te kry. Bowendien is Afrikaners vreeslik vrygewing met hulle drank. Tog is dit geen rede om leeghand daar op te daag nie en behoedde jou met ŉ enkele bottel "fancy " rooiwyn. Dit sal jou onmiddellik as ŉ moffie kalsifiseer en dan gaan jy sukkel om vriende te maak. Wyn is vir Sondag middag etes na kerk.

Nou kyk Boere kan dop asof daar geen einde is nie. Naas Kerk en rugby is braai vir ons heilig.

ʼn droë drol wat stuck-up is en niks wil doen nie. Dis erger as om ʼn moffie, sissie of vegetariër te wees.

**Reël 3: Trek vir jou ordentlik aan.**

Afrikaner vrouens glo dat mooi lyk hul vroulike plig is. Daarom sal jy hulle nooit in stokie's en sonder "make up" by 'n braai kry nie. As dit soos die meeste braaie ʼn informele gedoente is sal ʼn jene aanvaarbaar wees. Nou net soos jy nie dood gesien word in stokies by ʼn braai nie is daar ook glad nie ʼn ding soos ʼn te styf jene nie. Oor die algemeen word Vrouens nie by die braai toegelaat nie, jy mag as dame kom na vraag doen oor wanneer jou kinders van hul hongersnood verlos sal word maar meer as vra "wanneer is die vlies reg?" word nie toegelaat nie. Maak slaai of braai broodjies in die kombuis of drink skelm jou man se brandewyn as jy moet maar moet nie by die braai inmeng nie.

Nog ʼn ding, moet nooit vir jou Engelse "boyfried" drank aan dra nie, dit sal vir ouma en oupa in die hoek elk ʼn dubbele hartaanval besorg. Meeste Afrikaanse meisies drink ʼn drankie ja, maar drank aandra agter mans aan word nie gedoen nie, "that's a no-no"

Afrikaner mans sal net langbroeke na ʼn braai toe aantrek in die middel van die winter en dan ook net om jou Leatherman aan te kan hak. By ʼn braai dra ons net kortbroeke, plakkies en niks anders nie, veral as daar ʼn swembad naby is nie. (Hierdie verskynsel mag wissel van streek tot streek.) Die lente van jou kortbroek loop hand aan hand met die grote van jou pens. Hoe groter die boep hoe korter die broek, baie belangrik.

**Reël 4: Wees reg om te veg om jou lewe**.

As reël is Afrikaners stewig gebou en groot. Soos ʼn Skotse vriend van my altyd gesê het "build six foot four and square like a brick shithouse" Dit is moontlik omrede ons dalk van kleinsaf groot gemaak word op braaivlies rugby en sonskyn. "Even" ʼn 13 jarige Afrikaner nooi sal in staat wees om enige tyd vir die skool se eerste span as reserwe op stut kan sak, as haar ouers dit net sal toelaat. Dit is hoekom jy by ʼn Afrikaner braai moet wys hoe fris jy is.

Mok skrums, swaar goed optel en nek klemme of klappe op die skouer is aan die orde van die dag. "Just go with the flow", Selfs Tannie Sannie sal jou probeer armdruk en stoei tot jy poep as sy 'n vermoede het dat jy dalk ʼn vegetariër kan wees. Ons sal jou ook na alle waarskynlikheid in die swembad probeer verdrink of dwing om teen pa se oudste seun te skrum. Dit noem ons pret, en is meer as aanvaarbaar by ʼn braai.

**Reël 5: Dans is verpligtend.**

Dit maak nou nie saak of dit ʼn braai begrafnis of kerk piekniek is nie die een of ander tyd sal daar van jou verwag word om te dans. Wees hier gereed vir enige ding van binnehuise se windsurfing tot saamsing General Delarey kringetjies in die middel van die dansbaan. Maar weet dat die meeste van ons sokkie verkies, ʼn tipe dans waar jy wydsbeen teen jou maat se pelvis skuur en sy haar hare om elke draai deur die lug swaai.

Die mans sal nou en dan hulle voete na agter toe opskop, bly kalm hulle wil nie in hulle broeke piepie nie maar wil bloot beter “traction” bewerkstellig voor die volgende draai. As jy om sedes redes of ’n skaamagtige houding nie saam dans nie, sal jy bes moontlik weer kop eerste in die swembad gegooi word.

**Finale wenke:**

Ons het almal honde met uiters intimiderende name soos Basjan, Bismark, Bliksem Groot-poot, Boelie of Baron veral as jy van Pretoria afkomstig is of gestudeer het. As jy nie blank is nie gaan hulle vir jou blaf, moenie stres nie ons honde is ongelukkig nie transformeerbaar nie. Maar jy kan redelik veilig voel ons sluit gewoonlik net die mees aggressiefste honde in die garage toe as gaste kom kuier.

Ons oumense is ongelukkig baie “un-PC”. So moenie van jou stoel afval as stil en tingerige Tante Lettie langs jou skierlik luidkeels rasse kommentaar begin maak nie, gee voor dat jy dit al baie gehoor het en dit jou glad nie pla nie. “Whatever” jy doen moet haar liefs nie berispe nie dit is lewens gevaarlik, en oom Gert kan baie maklik "strip" en besluit hy gaan huis toe en dan is die braai, en die game, en familie verhoudings daarmee heen.

Maar wees verseker dat teenstaande algemene wanopvattings die meeste Afrikaners nie regtig almal sanna swaaiende rassiste is nie. Dit noem ons propaganda.

“When in Rome” moet nie die opponerende span te hard ondersteun nie. Veral nie as hulle besig is om die wedstryd te wen nie. En moet jou beslis nie openlik in ’n verloor springbok span verlustig nie, anders is dit garage toe met jou waar Oubaas, Wagter of Hitler vir jou wag en hierdie toesluit honde kan net Afrikaans verstaan, dus sal hierdie onderonsie nie net by blaf bly nie, wees gewaarsku.

Verder sal ek jou verseker dat ’n Afrikaner braai beslis een van die lekkerste en mees opvoedkundige ding wat jy ooit kan doen sal wees. Probeer asseblief net nie iets breek nie, en daarmee bedoel ek jou bene, lewer of hart nie. En as jy regtig in i moeilike situasie kom, skree net hardop Bokke! vat dan ’n groot sluk van jou dop, klap die naaste ou oor die skouer en se dis nou lekker gewees en begin dan hardloop. Iemand gaan jou jaag maar moenie bekommerd wees nie ons noem dit net ’n lekker braai...

Cheers for eers

Bees uit...

**Dagsê Sawanante**

Die jaar is besig om spoedig aan te stap en die winter is op ons. Met die SAWA jaar wat einde se kant toe staan is al die AJV 's en verkiesings om die draai. Ek doen ’n beroep op al die voorsitters, gebied en op streeksvlak om seker te maak dat die reëls aangaande kennisgewing, nominasie en verkiesings nagekom word. Maak ook seker dat ‘n kworum teenwoordig sal wees. Die nominasies vir Dagbestuur en President sal ook eersdaags versprei word. Ek wens almal voorspoed toe met die AJV's.

Graag wil ek ook kleiner streke aanmoedig om meer kampe saam te reel om so ook beter tariewe te kan beding. Dit maak die kamp met meer Sawanante teenwoordig meer aangenaam en sinvol. Streke moet daarop let wanneer hulle die nuwe jaarprogram saamstel dat kostes van ‘n naweek darem binne die meeste lede se finansiële vermoë is. Dit kan ‘n baie sensitiewe saak wees en moet met omsigtigheid hanteer word.

Tydens die Mei NUB het die NUB lede lekker gesels oor dit wat vir ons belangrik is in SAWA.

Hier volg ’n paar gedagtes wat uit die NUB na vore gekom het;

- Vossie Vosloo het bedank as Nasionale penningmeester vanweë sy gesondheid. Ons wil graag vir Vossie bedank vir sy onbaatsugtige werk oor die afgelope aantal jare. Ons wens hom en Hannetjie alle sterkte toe en ook ’n spoedige en volkome herstel toe. In lig daarvan het die Dagbestuur vir Jurie Dreyer gekoöpteer tot die Dagbestuur en die NUB het die besluit gekondoneer. Ons wens Jurie sterkte toe veral met die einde van die SAWA finansiële jaar wat voorlê.
- Gebiedsverslae; Dit is duidelik uit die Gebiedsverslae dat die huidige ekonomiese toestand in die land SAWA baie nadelig aanraak. Bywoning van kampe neem af en terugvoer van lede wat bedank het, is in baie gevalle ook finansies. Dit gaan egter goed in die meeste Gebiede.
- Sawa toerusting; Die NUB het besluit om die ou klankstelsel van SAWA te verkoop. Streke of individue kan ’n aanbod maak vir die klankstelsel (sien aangeheg). Die hoogste aanbod sal aanvaar word. ’n Nuwe rekenaar is vir die kantoor aangekoop en sal opgegradeer word en binnekort in werking wees.
- Sawa Finansies; Met die finansies van SAWA gaan dit oor die algemeen goed. Die penningmeester sal binnekort die finansiële state van elke streek aanvra. Ons doen ’n beroep op die streke om die inligting so spoedig moontlik na einde Junie aan hom terug te besorg.

Komitees; Die konsep Jaarprogramme sal binnekort versprei word. Sterke word gemaan om so spoedig as moontlik hul bespreking vir 2017 te doen en bevestig om veranderinge so min as moontlik te hou. SAWA se ledetal het weereens gedaal na 1329. Ons moet egter noem dat daar wel n groei was in Maart maand wat verblydend was. Ons is baie bly om te rapporteer dat die NUB op aanbeveling van Gebied Jakaranda vir Bronberg satelliet toestemming gegee het om oor te gaan tot streek stigting.

Ons wens Bronberg geluk en sterkte toe. In die vorige skrywe het ons genoem van die data basis wat ons wil saamstel van Sawanante wat besighede het of voordeel trek uit 'n besigheid. Die idee is juis om ons mede Sawanante te ondersteun sowel as om 'n betroubare persoon te gebruik. Ons het reeds 'n groot aantal inligting terug ontvang en sal eersdaags die data basis voltooi. Ons nooi enige persoon wat nog wil deel in die projek om die inligting te stuur na aletmeyer@vodamail.co.za Die Grondwetkomitee het 'n aantal Grondwet wysigings voorgestel wat sal dien op die Kongres. Sake wat nog ondersoek word is ondermeer 'n twee jaarlikse Kongres en deelname aan vergaderings deur elektroniese media.

- Skakelbeampte; Op versoek van ons lede het die Dagbestuur die moontlikheid ondersoek om by ORRA te affilieer om deur hulle radiolisensies te bekom. Ons aansoek is nie goedgekeur nie omdat ons nie uitsluitlik 'n 4x4 klub is nie. Sawanante kan direk by Ikasa aansoek doen vir radiolisensies. Vir verdere inligting kan die Skakelbeampte geskakel word. Die moontlikheid word ook ondersoek om 'n EB lisensie opleidings geleentheid te hou tydens die Jakaranda Gebied saamtrek by Weesgerus sowel as by die Nasionale saamtrek te Koppisol. Inligting sal volg.


Nasionale saamtrekke; Sovêr al die Nasionale saamtrekke gaan was almal 'n groot sukses. Die twee Kusgebiede het hul eie saamtrekke by verskillende geleenthede gehad en die binneland se streke die Presidente tydens Paasnaweek. Omdat die opbrengs van die naweke vir die Nasionale kas gaan wil ons graag vir elke lid wat 'n bydra gemaak het hoe gering ook al se baie dankie. Dit bring mee dat SAWA makliker sy verpligtinge kan nakom en dat ledegeld nie drasties hoef aangepas te word nie. 'n Interessantheid is dat die blikkies wat tydens die Presidente aan die kinders uitgedeel was die mooi bedrag van R3541.02 ingebring het vir Bybelverspreiding. Dankie vir almal se bydra.

Die Gebied voorsitters sal meer volledig verslag doen oor die NUB.

Groete tot volgende keer en bly maar warm in die winter. Lekker kamp.

Jannie Meyer
Nasionale Voorsitter SAWA
janniemeyer@vodamail.co.za
082 462 7615

<u>Algemeen</u>—Raai Wie?...............Die eerste persoon. Wat by die Kamp vir my kan sê wie dit is.......... wen "n prysie...



# GEROOSTERDE ONTBYT – TE DANKE AAN HUISGENOOT



***Genoeg vir 2 mense***
***Bereiding: 5 min.***
***Gaarmaak: 10 min.***

100 g repe strepiespek
1 ryp avokado
1 rooi brandrissie, fyn gekap
’n hand vol kruisement, gekap
sap van ½ lemmetjie
2 eiers
4 snye brood
botter vir smeer

Verhit die oond tot 220 °C.

1. Lê die repe spek uit op ’n bakplaat wat met foelie uitgevoer is en rooster 15 min. in die oond tot bros terwyl jy een keer omdraai.
2. Maak die avokado fyn. Roer die rooi brandrissie, kruisement en lemmetjiesap na smaak by die fyn avokado in. Geur mildelik met sout en peper.
3. Braai die eiers na jou smaak in ’n bietjie olie. Rooster die brood en smeer dit dan met botter. Verdeel die avokadomengsel tussen die snye roosterbrood en bedek dan met spekvleis en ’n gebraaide eier. Sit dadelik voor.

***Deur Hope Malau***
***Foto: Jacques Stander***

# VAN BYGILOOF EN WELLINTAAINS

Liewe Ma,

Met my gaan dit goed. Hoe gaan dit met ma? Ma onthou nog hoe Ma vir die dominie gese het hoe moet hy maak lat die vraikies op sy nees moet weggaan? Met artappils op dit sit en in die donkir maan plant is bygiloof. Dit staan nie in doktirs se boeke nie. Hy se dis dalk sonde.

Tot sy nees lyk soos Sussie se groottoon wat sy met die pik gekap het. Toe slat sy hom mos weer met die hamir oor sy kwaat is oor hy seer is. Toet haar toon mos so ‘n klomp knoetse. Sussie se toon het net nie twee sikke groot gate met hare in nie.

Toe vra dominie wat het Ma gese hoe werk artappils nou weer? Toe wys Ma hom hoe moet sy die artappils sny en sy vraikies ok biekie. Lat hy die bloet op die artappils sit. En hoe moet hy dit plant.

Toe die artappils opkom toe val sy vraikies af. Toe se hy mos ja dit werk. Mar mens mag dit nie glo nie. Oorlat dit bygiloof is. Toe laaik ou tannie Lings Vingir wat eers skooljuffrou was hom mos weer. Toe trou hille mos. Mar hille wil nie van die artappils eet nie. Hille is bang hille vraikies kom trig.

Dorp se mense is ook so bygilowig. Mar hille glo nie in goet wat kan reg maak of gesond maak nie. Hille glo net bang goet vir wat mens moet oppas. Jympie is ok so bang mar Pam is die ergste. Sy se mens mag nie onnir deer ‘n leer loop nie. Ek sê hoekom? Mens kan nie oor dit loop as dit nie jou eie leer is nie.

Sy sê dis bed lak. Ma weet mos toe Pa gihoor het daai een oom koop donkies vir leeu kos. Toe koop Pa by almal donkies en hy voer hille vet. En to jag hy hille koppirasie toe. Solat hy hille moet weeg voor hy hille virkoop. Toe slat die weerlig mos al ses doot. Toe se daai oom hy koop nie gaar donkies nie. Net rou. Dis bed lak.

Pam se die slegste bed lak is Vrydag as dit dertien is. Soos die week. En volginne maant is dit ok ‘n dertien op Vrydag. Sy se dis dabbil bed lak. Ek se mar hoekom? Ek kan nie virstaan hoe werk artappils met vraikies nie. Want altwee groei mos. Dis weetin skap. Mar Vrydag is dan ‘n lekkir dag. Dan hou als mos op. Dan is dit naweek. Hoe kan dit sleg wees oor dit dertien is. Sy sê dit oorlat dit is want dit was nog altyd. En mens speel nie met sikke goet nie. Mens glo dit net. Sy se swart katte is die selle. Mar nie by die hys nie. Net in ‘n pat as hille loop. Ek se ja.

Toe se Jympie dis ok synt Wellintaain. Ek se is nie. Dis Satirdag. Hy se hy weet mar dis ok daai van Wellintaain. Hy se dit oorlat mense vir iemand skryf.I Hy se mens kan dit koop ok. Mar self skryf met ‘n risitasie is die beste.

Ek sê is dit ok bygiloof? Maak dit gisond of iets? Hy sê nee dis altyd so. Ek se ja jille Ingilse se bygiloof goetirs ok. Vrydag dertien, en swart katte en kaakies as jille iemant laaik. Ek se jille is skoon besimpild in jille kop. Mens kan siek wees van bed lak voor mens als onthou. As ek vir Pam wil se ek laaik haar sal ek haar sê as ek wil. ‘As sy hyl of as sy my so lekkir drik dan sal ek haar sê. Ons Boere gee nie sommer kaakies vir laaik oor dit bed lak is nie. Ons is nie so groot gimaak nie. Ons glo ager deer val ok in die kraal.

Toe moet ek en Seun die pos gaan haal in die dorp. Hy se hy moet vir sammajoor Klipdrif en die koppiraal perre speel. Hy se die sammajoor voel lakkie want die perre is nou weer gisond van die vikoue. As die weerlig nie Pa se donkies geslaan het nie, en as die oom gese het hy gee Pa dysintpont vir 'n donkie, dan is Pa lakkie giwees. Mens se goet lak. Seun se die sammajoor voel lakkie oorlat dit dertien is.

Ek se ek voel ok lakkie. Ek gat ok perre speel. Seun se mar jy ken niks van sikke goet nie. Ek se is niks. Mense wat lakkie is hoef niks te weet nie. Ek draai net sammajoor Klipdrif se nommirs agtirste voor. Seun se as jy wil lakkie wees beter jy nie so onnir die leer loop nie. Ok nie 'n swart kat roep lat hy oor die pat loop nie. Ek se dit maak dit beter as goet lak. Toe ons weer by die kamp kom toe se ek nou gat ek nog beetirder goet lak maak. Ek gan vir Pam ' groot Wellintaain kaakie maak met my eie risitasie. Toe vat ek 'n ou stikinne trommil se deksel. En toe skryf ek met pynt. Onnir mikaar solat mense moet sien hoe is die rympie:

Skape bler en ganse byt.

Baaiskoup biegien en joe kam lyt.

Jou bekkie proe sis bye jem.

Dets waai aai laf joe Pam.

En ek teekin 'n waatlimoen want sy laaik dit. En 'n ding wat bo so krom is met ' pint. Met 'n pyl in. Jympie se dis 'n hart. Mar ek het nog nie in een bok of bees so 'n hart gesien nie. Jympie sê dis nie 'n hart wat hoef te werk nie. Dit moet net se dat mens ien laf is. Toe vat ek 'n groot boks en ek sit Pam se kaakie in dit. Want mens kry nie sikke groot koeverte nie.

Toe gee ek dit vir haar.

Sy hyl nou nog. Ek sê hoekom, Pam? Is jy nou kwaat? Sy sê nee sy het nog nooit so lekkir gikry nie.

Sy se sy het nie gedink ek laak haar so baja nie. Ek se nou hoekom moet jy nou oor 'n biekie laaik hyl? Sy se is dit net biekie? Ek se nee ouky dis baja.

Toe hyl sy eers.

Seun het my nou net giroep. Hy se sammajoor Klipdirf is kwaat. Die koppiraal ok. Ek beter gou gan annirs weet ek wat sal gibeer. Ma moenie weggaan nie. Ek sal later verdir skryf.

Hiers ek nou, Ma. Hallou. Die sammajoor-hille is nie regtig kwaat nie. Mar Pam is nou eers treerig van blygeit. Sy se ek is 'n fentestiek gaai. Sy kan nie dit vir my bedydelik nie want sy snik tiveel. Ek dink dit iets van rys. Die sammajoor se hy gaan ok nou sy nommirs omdraai. Dan wen hy ok so baja geld soos ek. Hy se ek het ag ten twintig dysint rant en klomp tjynts giwen. Is dit baja? Wil Ma dit he?

Sê vir Sussi ek kan nie 'n Wellintaain kaakie vir haar stier nie. Al laaik ek haar baja. Dit sal nie tel nie want sy is familie. Ma ok.

Groetnis,

Kleinjan. (Uit Kleinjan se Briewe aan Ma—Johan Van Pletzen

# VAN SIEBIES EN GEHEIME

Liewe Ma

Met my gaan dit goed, hoe gaan dit met Ma?

Seun het 'n Siebie gehad. Nie soos die dominee se hond nie. Siebie is Amerikaanse Engels vir draadlose wat mens mee praat dan praat hulle terug.

Siebies maak nie musiek soos ons draadloos nie, mens se net maatjie vir 'n praatjie dan se hy bekkie vir gesprekkie dan kan mens met hom gesels.

Seun se dit is eintlik mense wat aan die anderkant praat wat ok Siebies het. Hy sê dit werk met 'n eriejul. Dit is 'n stuk stywe draad wat mens so skyns teen die kar se bak vasplak. Dit moet so kan wip as mens met die kar ry. Ma weet mos.

Mens kan nie net praat nie, mens moet 'n nuwe taal leer wat amper soos ons taal is. Ek is bly Pa het nie 'n Siebie nie, want hy sal baie kwaat word. Siebie taal se mans wat vrouens het wat hulle mee getroud is, 'n asblik.

Seun het amper in die moeilikheid gekom. Hy het met 'n tannie gepraat. Toe se hy hy soek 'n onderonsie.

Toe se sy ja maar sy is eintlik 'n deksel. Toe se hy maak nie saak nie want hy is 'n kastrol. Toe se die tannie orraait, en sy vertel waar bly sy. Ek het saam met Seun gery want hy het ons gese ons gaan daar koffie drink.

Ek het gese dit is nie die regte huis nie want daar sit so 'n groot oom op die stoep. Seun het gese hy sal gou gaan vra.

Die oom het gese of Seun die snuiter is wat met sy vrou gepraat het. Seun wil nog gebeduie het toe moet ek die oom vashou tot Seun kar toe gehardloop het.

Seun se hy het nie geweet deksel is 'n naam vir tannies wat met hulle mans getroud is nie. Die koppiraal het sy Siebie vir R50 gekoop.

Ma verstaan nie ons armie nie. As hulle se Buffels en Ratels is geheime dan se dit nie Ma-hulle mag nie kyk as Ma dit op die plaas sien nie. Dit is nie diere met bene en 'n stert nie. Dit het wiele en 'n enjun wa ok gemaak is om te skiet. Soos vir oorlog dan kan mens ry en skiet. Mens sit net agter dik ysters dan skiet hulle jou nie raak nie.

Dit is ook nie geheime soos oom Stoffel en tant Sientjie s'n nie. Dit is eintlik TOP SECRET sort geheime soos James Bond. Nie eens spioene weet van dit nie.

Mens noem dit net soos diere se name dan maak dit almal deurmekaar.

Ons leer al die goed van geheime en so aan.  Het Ma geweet spioene is baie ryk?  Hulle koop vir mens bier dat mens hulle moet glo.  As mens dan soos Pa word, dan se mens vir hulle alles wat hulle wil weet.

Hulle kan tot vir Ma iets vra wat Ma weet.  Dan las hulle dit by dit wat ander mense weet.  Dit is soos somme en optel.  As hulle alles bygelas het, weet hulle alles.  Daar is net niemand wat reg of verkeerd merk nie of 4 uit 10 gee of pakslae nie.

Mens moet oppas vir die spioene want hulle kom uit Rusland uit al praat hulle Afrikaans.  Ek weet nie of hulle dit kan verstaan ok nie.  Hulle is baie slim want hulle kan tot op mens se telephone hoor wat mens se van geheime.  Amper soos Daisy by die ekstjyns.  Maar sy verstaan nie eens Afrikaans goed nie so sy is seker nie 'n spioen nie.

Het die skrumkeps vir Sussie gepas?  Ek hoor Sussie het oom Stoffel se melkemmers plat geskop oor Ma se verjaarsdag.  En toe melk hy alles mis want die gat was te plat.  Dit sal hom leer.

Die sammajoor se ons moet se wannir ons seven days wil he.  Dan koop hulle vir ons treinkaartjies om vir sewe dae huis toe te gaan.  Maar daar is mos nie treine by ons nie.  Ek wonder of hulle vir 'n taxi sal betaal?  Anders kom ek nie huis toe nie.  Dan moet Ma-hulle maar sewe dae by my kom kuier.  Daar sal baie beddens wees van die ander ouens wat weg is.

Groetnis,

Kleinjan  -  Uit Klienjan se Briewe aan Ma—Johan Van Pletzen

## HOE OM 'N GOEIE WINKELKLERK TE WEES

As winkelklerk kry Piet werk. 'n Klant kom in en vra vir 'n blik pruimkonfyt. Piet kyk rond maar kan nie pruimkonfyt kry nie.
"Jammer, mevrou, maar ons het nie pruimkonfyt nie."

Toe die dame uitstap, roep die baas vir Piet nader.
"Dis mos nie die manier waarop 'n mens goed verkoop nie, bed-uie hy. "As daar nie pruimkonfyt is nie, dan se jy: "Jammer, mevrou, die pruimkonfyt is op, maar ons het pas nuwe voorrade soos druiwe-, appelkoos- en vyekonfyt gekry. Wil u nie daarvan probeer nie?"

Verstaan jy?
"Ja, meneer."

'n Rukkie later stap 'n man die winkel binne en vra vir toiletpapier. Piet soek, maar kan niks kry nie. "Jammer, meneer, maar ons toiletpapier is op. Ons het wel deurslagpapier, skuurpapier en confetti. Wil u nie daarvan probeer nie?"

Bron onbekend



**Redaksioneel & bedankings**

Hierdie skrywe is my laaste redakteursverslag van die Elander. En soos dit ook nou is, sal dit ook Vlooi se laaste bydrae wees as Voorsitter, want by die komende AJV in Aug 16 sal Cobus Smit by hom oorvat as Elandsrand se nuwe Voorsitter. Dan tree Adriaan ook uit van bestuur en ons sê ook baie dankie vir hom en Michelle en die tweeling. Dankie dat ons vir Adriaan kon gehad het op bestuur waar hy sy taak met hoogs professionele diens kon vervul. Maar nog is dit hrt einde niet....so ook gaan Jannie Meyer as Sawa se Nasionale Voorsitter ook die tuig neerlê ...en dan gaan hulle...hy en Alet, darm weer lekker kan saam kamp met sy streek, Elandsrand. Hartlik welkom terug julle.

Mag ek dan ook net van die geleentheid gebruik maak om vir Vlooi en Sandra baie dankie te sê vir hulle onbaatsutige diens oor die afgelope 3 jaar op bestuur. Vlooi jy het die Streek na nuwe hoogtes gelei en ons is jou ewig dankbaar daarvoor.

As redakteur was dit vir my ''n groot uitdaging in die begin om hierdie bootjie op onbekende waters te laat vaar,.......................maar wat se wonderlike rit was dit nie. Ek het dit terdee geniet, al moes ek publikasie datums aanpas bly dit 'n groot voorreg en genot. Maar soos alle dinge moet ek aan beweeg, en ek wens my opvolger alle sterkte en voorspoed toe.

Ek sluit nou hierdie hoofstuk in my lewe af.....maar die nuwe hoofstukke wat voorlê maak die geskiedenis van die Streek nog meer kleurvol.

Baie dankie aan almal wat vir my artikels, bydraes, foto's en nog wat gestuur het. Sonder julle is en was die nuusbrief nie moontlik nie. Hou so aan.

Daarmee sluit ek af.......mooiloop, lekker sleep en geniet julle streek Elandsrand.....DIE BESTE IN SAWA.

Nico Zwarts (Alias.... van die spykerkas mense..)

## SAWA SE MISSIE

Om:

- vir Afrikaans-georiënteerde kampeerders 'n tuiste te bied waar hulle binne 'n Christelike konteks hulle beginsels en kultuur kan uitleef;
- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer;
- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en

***Die Elander word uitgegee deur Elandsrandstreek van die SA Woonwa-Assosiasie. Plasings van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie noodwendig dat dit die standpunt van SAWA is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die redakteur verantwoord.***